AgEcon SEARCH
RESEARCH IN AGRICULTURAL & APPLIED ECONOMICS

*The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library*

**This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.**

**Help ensure our sustainability.**

Give to AgEcon Search

AgEcon Search
http://ageconsearch.umn.edu
aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

# IMPLIKASIES VAN TARIFERING VIR DIE VRYSTAATSE LANDBOU

Piet Potgieter
*Departement Landbou-ekonomie, Universiteit van die Oranje-Vrystaat*

André van der Vyver
*Landbou Afdeling, Standard Bank*

Tarifering beteken meer as die blote vervanging van kwantitatiewe invoerbeheer met tariewe, maar bring veranderinge mee in die bemarkingstelsel van kommoditeite. Die implikasie van tarifering vir die Vrystaatse mielie-, koring-, vleis- en suiwelprodusente is ondersoek. Dit blyk dat toekomstige produsentepryse toenemend deur internasionale handelstoestande beïnvloed sal word. Wêreldpryse, wisselkoerse en invoertariewe sal, saam met binnelandse marktoestande, bepalend wees vir plaaslike pryse. Die Vrystaat is sentraal tot sy vernaamste markte geleë en hoë vervoerkoste na die binneland bied terselfdertyd 'n natuurlike beskerming teen ingevoerde produkte. Tariefvlakke is krities vir die welstand van produsente en so ook die proses waarlangs tarifering geskied.

*IMPLICATIONS OF TARIFFICATION FOR FREE STATE AGRICULTURE*

*Tariffication means more than the simple replacement of quantitative import controls by tariffs;changes in the marketing systems of commodities. Implications of tariffication for Free State maize, wheat, beef and dairy producers were investigated. Indications are that in future, producer prices will be largely influenced by international trade conditions. World prices, exchange rates and import tariffs will, together with local market conditions, determine local prices. The Free State is centrally located with respect to its main markets while high inland transportation costs form a natural import barrier against imported products. The level of tariffs is important for the well-being of producers, and so also the process of tariffication.*

## 1. Inleiding

Tarifering is die proses waardeur kwantitatiewe beheermaatreëls omgeskakel word na invoertariewe. Onder 'n tariefstelsel kan voornemende invoerders ter eniger tyd, enige hoeveelheid van 'n produk invoer solank hy die invoertarief betaal. Tarifering bring mee dat internasionale handelstoestande in die toekoms 'n groter invloed op plaaslike pryse sal uitoefen. Die doel met tarifering is om 'n doeltreffender stelsel daar te stel wat maklik administreerbaar is en internasionale mededinging bevorder, maar wat tog ook die Suid-Afrikaanse produsent teen gesubsidieerde invoere beskerm.

Aangesien kwantitatiewe beheermaatreëls 'n integrale deel van die Suid-Afrikaanse landbou geword het, beteken tarifering meer as net die blote vervanging van 'n bestaande invoerbeheerstelsel met tariewe. In baie gevalle beteken tariewe ingrypende veranderinge in die bemarkingstelsel van kommoditeite (Swart, 1994). Hierbenewens, vind tarifering in tesame met omvattende deregulering in die landbou plaas.

Die doel van die referaat[1] is om die invloed van tarifering op die Vrystaatse landbou te beredeneer, met spesifieke verwysing na bemarkingsimplikasies vir vier sleutelbedrywe, naamlik, mielies, koring, rooivleis en suiwel. Die bruto gesamentlike inkomste van dié vier bedrywe het gedurende 1993 sowat 75% van die totale bruto inkomste uit Vrystaatse landbouprodukte beloop.

In die geval van mielies en koring is die finale tariefbepalings nog nie gefinaliseer nie, ofskoon dit in die pyplyn is. Daarteenoor is rooivleis en suiwelprodukte reeds getarifeer, alhoewel dit te betwyfel is of die impak van tariewe ten volle deurgewerk het. By mielies en koring moes aannames dus oor tariefbepalings gemaak word, en is daar probeer om die invloed van verandering in sleutelveranderlikes op pryse uit te wys. By rooivleis- en suiwelprodukte kan sekere lesse uit bestaande ondervinding met tariewe geleer word.

## 2. Rooivleis

'n Nadeel wat deregulering en handelsliberalisering vir Vrystaatse produsente inhou, is dat Suid-Afrikaanse produsente laer vleispryse ontvang wanneer invoere plaasvind. Inkome word so verbeur. Tabel 1 en 2 toon die verband tussen binnelandse beskikbaarheid en invoere van bees- en skaapvleis. Uit Tabel 1 blyk dit dat invoere beduidend toegeneem het in 1994 en ook dat invoere van oorsee skerp toegeneem het relatief tot invoere vanuit die BLSN-lande. Indien die 1994-syfers egter vergelyk word met dié van vorige tekort-tydperke voordat tarifering in werking was, kan afgelei word dat beesvleis toe ook grootliks ingevoer is om binnelandse tekorte aan te vul. In 1988 het beesvleisinvoere byvoorbeeld 21,3% van binnelandse beskikbaarheid van beesvleis uitgemaak en was 36,9% van die invoere van oorsee (hoofsaaklik Europa) afkomstig, vergeleke met 24,1% en 34,9% onderskeidelik in 1994.

Skaapvleisinvoere het egter in absolute sowel as relatiewe terme toegeneem. Uit Tabel 2 blyk dat skaapvleisinvoere in 1994 sowat 21,3% van binnelandse beskikbaarheid uitgemaak het (vergeleke met 10,9% in 1988). Skaapvleisinvoere van oorsee (hoofsaaklik Australië) het in 1994 ongeveer twee derdes van invoere uitgemaak, terwyl die res vanuit die BLSN-lande afkomstig was. Dit is 'n drastiese toename in die relatiewe belangrikheid van oorsese invoere, vergeleke met enige vorige tydperk.

Die Vleisraad het bereken dat invoere produsente van bees-, skaap- en varkvleis gedurende 1994 respektiewelik R23m, R35m en R6m aan bruto inkomste gekos het (Lanvokon, 1995). In die geval van bees- en varkvleis, kom dit neer op 'n verlies van nagenoeg 1% van totale bruto inkomste, teenoor 3% in die geval van skaapvleis.

**Tabel 1: Totale binnelandse beskikbaarheid en invoere van beesvleis vanuit die BLSN-lande en oorsee**

| Jaar | Beskikbaar Binnelands (ton) | Totale invoere (ton) | BLSN invoere (ton) | Oorsese invoere (ton) | BLSN % invoere (%) | Oorsee % invoere (%) | Invoere as % van beskikbaar (%) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1986 | 488155 | 53251 | 49500 | 2370 | 93.0 | 4.5 | 10.9 |
| 1987 | 456966 | 85475 | 59642 | 24495 | 69.8 | 28.7 | 18.7 |
| 1988 | 443862 | 94753 | 58797 | 34981 | 62.1 | 36.9 | 21.3 |
| 1989 | 466906 | 93942 | 63416 | 29525 | 67.5 | 31.4 | 20.1 |
| 1990 | 492935 | 60465 | 51571 | 8171 | 85.3 | 13.5 | 12.3 |
| 1991 | 514025 | 52539 | 48868 | 3133 | 93.0 | 6.0 | 10.2 |
| 1992 | 532280 | 55194 | 51196 | 3900 | 92.8 | 7.1 | 10.4 |
| 1993 | 520152 | 77407 | 69556 | 7603 | 89.9 | 9.8 | 14.9 |
| 1994 | 497880 | 119829 | 77941 | 41776 | 65.0 | 34.9 | 24.1 |

**Bron:** Verwerk uit Vleisraad statistieke

**Tabel 2: Totale binnelandse beskikbaarheid en invoere van skaapvleis vanuit die BLSN-lande en oorsee**

| Jaar | Beskikbaar Binnelands | Totale invoere | BLSN invoere | Orsese invoere | BLSN % invoere | Oorsee % invoere | Invoere as % van beskikbaar |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | (ton) | (ton) | (ton) | (ton) | (%) | (%) | (%) |
| 1986 | 116724 | 9152 | 8954 | 198 | 97.8 | 2.2 | 7.8 |
| 1987 | 123120 | 11718 | 10887 | 826 | 92.9 | 7.0 | 9.5 |
| 1988 | 119218 | 12952 | 10790 | 2054 | 83.3 | 15.9 | 10.9 |
| 1989 | 125315 | 16770 | 15920 | 850 | 94.9 | 5.1 | 13.4 |
| 1990 | 150290 | 15990 | 15987 | 0 | 100.0 | 0.0 | 10.6 |
| 1991 | 157946 | 15661 | 15146 | 512 | 96.7 | 3.3 | 9.9 |
| 1992 | 142433 | 20649 | 15648 | 5000 | 75.8 | 24.2 | 14.5 |
| 1993 | 128186 | 19542 | 14620 | 4922 | 74.8 | 25.2 | 15.2 |
| 1994 | 259754 | 55383 | 18662 | 36721 | 33.7 | 66.3 | 21.3 |

**Bron:** Verwerk uit Vleisraad statistieke

Die nadele van tarifering en deregulering moet opgeweeg word teen die voordele wat dit inhou. Die opheffing van beheerde gebiede, die afskaffing van verpligte veilingstelsels en beperkte registrasie en die minder rigiede wyse waarop die Higiënewet toegepas word, behoort te lei tot verhoogde bemarkingsdoeltreffendheid (veral na aanleiding van laer vervoerkoste), verhoogde verbruik, groter plaaslike afset en penetrasie van informele markte, meer geleenthede om waarde tot plaasprodukte toe te voeg en uiteindelik tot verhoogde winsgewendheid. Hierdie voordele geld veral vir Vrystaatse produsente, aangesien bemarkingsregulasies daartoe bygedra het dat rouprodukte vanuit die Vrystaat na ander streke uitgevoer was en weer as verwerkte produkte ingevoer is. Verder dra die invoer van rooivleis in tye wanneer plaaslike vleis skaars is, daartoe by dat rooivleis moontlik sy markaandeel teenoor witvleis in die plaaslike mark kan behou. Handelsliberalisering en 'n nuwe streeksbedeling verhoog uitvoermoontlikhede van verwerkte sowel as hoë kwaliteit vleis.

Ondervinding met tariewe in die vleisbedryf wys dat 'n eenvoudige, vaartbelynde tariefstelsel net so belangrik is as die tarief wat vasgestel word (Potgieter en Van der Vyver, 1995a en 1995b; Willemse, 1995). Die manier waarop sogenaamde gekrummelde-, spesery- en asynbehandelde skaapvleis oor die afgelope jaar langs skuiwergate onder lae tariewe as verwerkte vleis ingevoer is, terwyl dit vars skaapvleis direk uit markte verplaas het, illustreer die punt. Dit het 'n belangrike invloed gehad op die verhoogde skaapvleisinvoere vanuit oorsese lande. Netso is ongeveer 23 000 ton gekrummelde hoendervleis onder die lae tariewe wat vir verwerkte vleis gegeld het, ingevoer. Die skuiwergate word eersdaags ondervang deurdat dieselfde tariewe op verwerkte en onverwerkte vleis sal geld (Blignaut, 1995). 'n Ander belangrike aspek is die interaksie wat tussen plaaslike belangegroepe plaasvind. Tariewe in die rooivliesbedryf is byvoorbeeld op 38% (tarief as persentasie van vry-aan-boord prys) ingestel, terwyl 'n vlak van 400% ingevolge die AOTH-bepalinge ingestel kon word (Janovski, 1995). Die belangrikheid van interaksie tussen plaaslike belangegroepe en 'n vaartbelynde proses van tariefaanpassing, word onderstreep deur die feit dat tariewe aangepas moet word namate marktoestande verander. Byvoorbeeld, daar is op 1 September 1994 deur produsente belangegroepe aansoek gedoen om weens 'n verwagte tekort aan varkvleis gedurende die 1994-Kersseisoen, die tarief op varkvlies na 0% af te skaal word. Die bedoeling was dat dit 'n interim maatreël sou wees om 'n tydelike tekort aan te spreek. Die verlangde aanpassing is meer as twee maande later afgekondig,

moontlik te laat vir bestellings vir verwerking voor die Kersseisoen. Sedertdien wou verbruikerbelangegroepe nog nie weer toelaat dat die tarief tot sy oorspronklike vlak herstel word nie en word beduidende hoeveelhede varkvleis vrylik ingevoer (De Jager, 1995). Bogenoemde aspekte dui natuurlik ook daarop dat die tariefvlak waarop besluit word, 'n wesentlike invloed op vleisinvoere het.

## 3. Suiwel

Daar kan gesê word dat invoere huidiglik nie 'n bedreiging inhou vir die plaaslike bedryf nie. Na aanleiding van die onlangse stygings in internasionale suiwelpryse, wil dit blyk of invoertariewe voldoende beskerming bied en selfs oorbeskerm (SA Suiwelstigting, 1995; Direktoraat Bemarking, 1995). Die uitsondering is moontlik ten op sigte van wei en karringmelk wat huidiglik vry van enige reg mag inkom. Die motivering hieragter is oënskynlik dat veral wei nie plaaslik vervaardig word nie. Gegewe egter die substitusie effek daarvan op melkpoeier (Wessels, 1995), blyk dit dat die tarief in verhouding onrealisties laag is. Indien daar egter 'n relatiewe regstelling sou plaasvind na aanleiding van die huidige aansoek van die bedryf wat tans voor die RTH dien, mag die probleem in elk geval opgelos word. Volledigheidshalwe moet dit egter genoem word dat dit nog te vroeg is om te beweer dat werklike invoere vir die plaaslike mark 'n bedreiging inhou. Invoerpermitte het wel 'n toename getoon, maar geen bewyse bestaan dat werklike invoere dieselfde tendens sal volg nie.

'n Moontlike toekomstige probleem, is die moontlikheid dat suiweltariewe afgeskaal word. Suid-Afrika se tariewe is egter binne die vereiste "bound rate" soos voorgelê en aanvaar deur die AOTH. Enige druk om dit af te skaal sal dus intern van aard moet wees. Gegewe dat daar 'n redelike mate van tevredenheid in die bedryf bestaan, met die uitsondering van 'n relatief klein hoeveelheid onafhanklike invoerders en moontlike verbruikers, is die moontlikheid onwaarskynlik dat daar in die afsienbare toekoms 'n afskaling van die tariewe sal plaasvind.

Aan die anderkant moet in ag geneem word dat die Suid-Afrikaanse proses van tarifering nie-amptelik in "rondtes" verdeel kan word. In die eerste rondte word daar gepoog, soos vereis deur die Minister van Landbou, dat die bedryf nie slegter daaraan toe moet wees as voor tarifering nie. Tariewe is daarom dikwels relatief hoog, omrede daar van lae internasionale en hoë plaaslike pryse gebruik gemaak word in die berekeninge. Dit was tipies die geval met suiwel. In die tweede rondte mag daar egter 'n wysiging in die beleid intree en mag daar gekyk word na die mededingendheid van die bedryf. Hoewel daar geen amptelike strategie bestaan nie, kan dit dalk net wees dat die nuutste aansoek van die bedryf ook lei tot 'n hersiening van alle suiweltariewe. Indien die tariewe hersien word, is dit moontlik dat dit op laer vlakke vasgestel kan word. Dit kan moontlik daartoe aanleiding gee dat plaaslike suiwelprodukpryse internasionale prystendense tot 'n groter mate sal begin volg (wat tans nie die geval is nie). Dieselfde mag geld vir die produsenteprys van varsmelk, alhoewel dit tot 'n mindere mate onderhewig sal wees aan internasionale marktoestande, teenoor byvoorbeeld plaaslik vervaardigde suiwelprodukte.

Ten einde die effek van invoere in perspektief te plaas, is dit belangrik om op die markstruktuur van suiwelprodukte te let. In totaal beslaan industriële produkte 41% van die mark, terwyl melkpoeier, wat waarskynlik die meeste bedreig word deur invoere, sowat 13,5% beslaan. Selfs in die swakste toekoms scenario bly dit hoogs onwaarskynlik dat invoere die totale mark vir melkpoeier sal oorneem. Bestaande kontrakte, kwaliteitsvereistes, gerief, risiko, bestaande kapitaalstrukture en produksiekapasiteite en ekonomiese integrasie tussen moeder- en filiaalmaatskappye, is aspekte waarteen goedkoper pryse geweeg moet word. Daar kan dus gesê word dat invoere die verkope van sekere produkte op 'n spesifieke wyse kan beïnvloed, wat op hulle beurt weer 'n impak op die produsenteprys van varsmelk sal hê.

Ten laaste wil dit uit die gegewens bekom, blyk asof Suid-Afrika internasionaal hoogs kompeterend is (Melkraad, 1995). Naas Nieu-Zeeland en Australië is Suid-Afrika die 3de goedkoopste produsent ter wêreld. Teen die agtergrond van bogenoemde is dit duidelik dat, nie net op internasionale vlak nie maar ook plaaslik binne streeksvlak, net die mees kompeterende produsente sal bly voortbestaan. Globaal gesien, is Suid-Afrika reeds in 'n voordelige posisie. Op streeksvlak sal die Vrystaatse produsent egter voordurend sy produksiekoste moet vergelyk met ander produsente binne sy streek en met ander streke. Geselekteerde produksiekosteopnames van regoor die land word deur die Direktoraat Landbou-ekonomie saamgestel.

## 4. Mielies

In die verlede was Suid-Afrika grootliks 'n netto uitvoerder van mielies (mielieproduksie het gemiddeld 7,950m ton per jaar oor die afgelope vyf jaar beloop, teenoor binnelandse verbruik van 6,566m ton per jaar en netto uitvoere 1,125m ton per jaar). As gevolg daarvan dat toekomstige pryse in 'n groter mate aan internasionale handelstoestande blootgestel sal wees en in surplusjare laer sal neig, word daar verwag dat binnelandse mielieproduksie sal neig om gelyk te wees aan binnelandse verbruik van ongeveer 6,5m ton (Willemse, 1994; Elliott, 1995; Van Zyl, 1995). Dit beteken dat die nasionale oppervlakte onder mielies in die toekoms met 500 000 hektaar kan daal.

Daar word ongeveer 2,5m ton mielies in die Vrystaat geproduseer, met streeksurplusse van nagenoeg 0,6 miljoen ton geelmielies en 1,5 miljoen ton witmielieprodukte[2]. Gedurende 1991 is 27% van die Oos-Vrystaatse geelmielies binne die substreek self verbruik, terwyl 'n surplus van 420 569 ton na ander gebiede uitgevoer is. Daarteenoor is 55% van die Noord-Vrystaatse geelmielies (surplus: 140 563 ton) en 47% van Sentraal/Suid-Vrystaat se geelmielies (surplus: 60 038 ton) binne substreke verbruik. Anders as by geelmielies, word by verre die grootste persentasie Vrystaatse witmielies in die Noord-Vrystaat geproduseer (substreeksurplus van meer as 1m ton).

Onder die eenkanaalstelsel het die Mielieraad probeer om mielieversendings só te allokeer dat totale vervoerkoste vir die land geminimeer word, terwyl ligging, kwaliteit en bemarkingsbevoegdheid van produsente nie 'n rol gespeel het nie. In die nuwe bemarkingsbedeling sal laasgenoemde aspekte 'n invloed op produsentepryse uitoefen en sal streek- en substreekmededinging en -differensiasie, veral tussen

surplusproduserende gebiede, na vore kom. Indien bloot op wisselboupraktyke, relatiewe winsgewendheid, stabiliteit van mielieproduksie, produksiepotensiaal en diversifikasiemoontlikheded gelet word, kan verwag word dat mielieproduksie in die Vrystaat verder afgeskaal sal word ten gunste van aangeplante weidings en diversifikasie na koring, sonneblom, grondbone, droëbone en sojabone (Pieterse, 1995; Fourie, 1995; Van der Merwe, 1995). Daar is byvoorbeeld bevind dat, slegs in die Sentraalwes bedieningsgebied, 160 000 hektaar in totaal van kontantgewasproduksie onttrek behoort te word, terwyl 142 000 hektaar mieliegrond omgeskakel kan word na sonneblom (102 000 hektaar), grondbone (22 000 hektaar), sojabone (10 000 hektaar) en koring (8 500 hektaar) (Sentraalwester, 1994).

### 4.1 Toekomstige verspreidingspatrone

Geskiedkundige verspreidingspatrone van wit- en geelmielies, is in Potgieter en Van der Vyver (1995a) uiteengesit. Wat toekomstige verspreiding van Vrystaatse mielies betref, kan 'n mate van insig verkry word deur op ligging van markte te let. Gestel voorlopig dat geen afskaling in mielieproduksie plaasvind nie. Daar word 800 000 ton mielies in die Vrystaat self verbruik. Indien aanvaar word dat die Vrystaat in sy eie behoeftes voorsien, laat dit 1,7m ton om na ander streke versprei te word. Die Vrystaat is sentraal tot die markte van die PWV-area, Natal, Oos-, Noord- en Wes-Kaap geleë. In die nuwe bedeling behoort daar wedywering om markte in die PWV-gebied plaas te vind. Volgens Lubbe (1995) kan daar ±700 000 ton mielies vanuit die Vrystaat na die PWV-gebied versend word, indien op die logiese bedieningsgebied van die PWV-gebied gelet word. Indien aanvaar word dat die orige 1m ton van die mielies na Natal en die Oos/Noord/Wes-Kaap gestuur word, is 'n rowwe aanduiding van 'n moontlike verspreiding van Vrystaatse mielies as volg:

| | | |
|---|---|---|
| Vrystaat | 800 000 ton | 32% |
| PWV-gebied | 700 000 ton | 28% |
| Oos/Noord/Wes-Kaap | 500 000 ton | 20% |
| Natal | 500 000 ton | 20% |

Dit is duidelik dat indien daar 2,5m ton mielies in die Vrystaat geproduseer word, ongeveer 40% van die mielies na Natal en die Oos/Noord/Wes-kaap gestuur sal moet word. 'n Beduidende gedeelte van Vrystaatse mielies sal dus moet kompeteer om markte wat nader aan die invoerhawens is. Namate Vrystaatse mielieproduksie afneem, as gevolg van sikliese faktore (byvoorbeeld, droogtes) sowel as struktuuraanpassings (afskaling in die oppervlak onder mielies), behoort 'n groter persentasie van die Vrystaatse mielies dieper die binneland in verkoop te kan word (PWV, Vrystaat self, Noord-Natal, Noordelike gebiede van die Oos-Kaap en Noord-Transvaal).

### 4.2 Die invloed van invoerpariteit en ligging op produsentepryse

Tabel 3 gee 'n aanduiding van die invloed van invoerpariteitspryse op produsentepryse van die Vrystaat. Die berekening is gebaseer op die vraag: Gestel kopers van Kwazulu-Natal, Oos- en Wes-Kaap, Gauteng en die Vrystaat self moet, in 'n jaar waarin binnelandse verbruik en produksie in balans is, kies tussen ingevoerde mielies en Vrystaatse mielies, wat sou hulle bereid wees om vir Vrystaatse mielies te betaal? Die pryse reflekteer dus invoerkoste, vervoerkoste en die relatiewe ligging van spesifieke verbruikspunte teenoor die Vrystaat as surplusproduksiegebied in 'n jaar waarin produksie gelyk is aan binnelandse verbruik (kwaliteitsverskille is

**Tabel 3: Berekening van Vrystaatse produsentepryse gebaseer op invoerpariteit**

| **Streek**<br>**Verbruikspunt** | | **Natal**<br>**PMB** | **Oos-Kaap**<br>**K.W.Town** | **Wes-Kaap**<br>**Paarl** | **Gauteng**<br>**PWV** | **Vrystaat**<br>**BFN** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| VSA no. 2 geel (Vab) | ($/ton) | 110,00 | 110,00 | 110,00 | 110,00 | 110,00 |
| Skeepsvrag | ($/ton) | 32,00 | 32,00 | 32,00 | 32,00 | 32,00 |
| Koste aan wal | ($/ton) | 142,00 | 142,00 | 142,00 | 142,00 | 142,00 |
| Wisselkoers | (R/$) | 3,60 | 3,60 | 3,60 | 3,60 | 3,60 |
| Koste aan wal | (R/ton) | 511,20 | 511,20 | 511,20 | 511,20 | 511,20 |
| Plus: Invoertarief | (10,0%) | 51,12 | 51,12 | 51,12 | 51,12 | 51,12 |
| Fisiese verlies | (0,5%) | 2,56 | 2,56 | 2,56 | 2,56 | 2,56 |
| Vogverlies | (1,5%) | 7,67 | 7,67 | 7,67 | 7,67 | 7,67 |
| Rente - 6 weke | (17,5%) | 10,29 | 10,29 | 10,29 | 10,29 | 10,29 |
| Aflaaikoste hawe | (R/ton) | 35,00 | 35,00 | 35,00 | 35,00 | 35,00 |
| **Gelande prys in hawe** | **(R/ton)** | **617,84** | **617,84** | **617,84** | **617,84** | **617,84** |
| Vervoer: hawe na verbruikspunt | (R/ton) | 27,00 | 22,00 | 22,00 | 99,00 | 80,00 |
| Invoerpariteit | (R/ton) | 644,84 | 639,84 | 639,84 | 716,84 | 697,84 |
| Vervoer: OVS na verbruikspunt | (R/ton) | 70,00 | 88,00 | 168,00 | 40,00 | 30,00 |
| **OVS-verkoopsprys** | **(R/ton)** | **574,84** | **551,84** | **471,84** | **676,84** | **667,84** |
| Min: Finansiering | (R/ton) | 45,00 | 45,00 | 45,00 | 45,00 | 45,00 |
| Opberg en hantering | (R/ton) | 40,00 | 40,00 | 40,00 | 40,00 | 40,00 |
| Mielieraadheffing | (R/ton) | 48,00 | 48,00 | 48,00 | 48,00 | 48,00 |
| Versekering en verliese | (R/ton) | 8,00 | 8,00 | 8,00 | 8,00 | 8,00 |
| Bemarkingkommissie | (R/ton) | 6,80 | 6,80 | 6,80 | 6,80 | 6,80 |
| Subtotaal (aftrekkings) | (R/ton) | 147,80 | 147,80 | 147,80 | 147,80 | 147,80 |
| **OVS-produsenteprys (GEEL)** | **(R/ton)** | **427,04** | **404,04** | **324,04** | **529,04** | **520,04** |
| Plus: maalverlies | (3%) | 19,35 | 19,20 | 19,20 | 21,51 | 20,94 |
| **OVS-produsenteprys (WIT)** | **(R/ton)** | **446,38** | **423,23** | **343,23** | **550,54** | **540,97** |

**Bron:** Willemse (1994) asook Lubbe en Keyser (1995), soos aangepas vir die Vrystaat

nie verreken nie). Die dinamiek van interstreeksmededinging kompliseer die afleidings.

Dit is nietemin duidelik dat groot prysverskille uit geografiese markte, na aanleiding van interaksie tussen die faktore wat in die berekening in ag geneem is, na vore kom (±R200 verskil tussen die hoogste en laagste prys). Dit kom voor of sowat 60% van die Vrystaatse mielies vir R520 tot R530 in die PWV-gebied of die Vrystaat self van die hand gesit kan word, 'n verdere 20% behoort vir minstens R427 in Natal verkoop te kan word en die balans grootliks vir meer as R404 in die Oos-Kaap. Slegs 'n relatief klein hoeveelheid van die Vrystaatse mielies behoort vir tussen R325 en R400 in die Wes-Kaap verkoop te word.

Namate onderlinge wedywering om markte te bekom tussen verkopers toeneem (en ook tussen kopers om mielies in die hande te kry), behoort die relatiewe prysverskille tussen markte kleiner te word. Dit kom daarop neer dat die gemiddelde produsenteprys in die Vrystaat tussen R480 en R500 per ton behoort te wees, indien binnelandse produksie gelyk aan verbruik is (in die toekoms moontlik 'n "normale jaar"). Namate tekorte groter word, beteken dit dat 'n groter persentasie van die Vrystaatse mielies dieper in die binneland bemark kan word, sodat pryse hoër sal neig. Namate surplusse groter word, sal die teenoorgestelde plaasvind en sal uitvoerpariteit 'n groter rol speel. Totdat die verwagte afskaling in binnelandse produksie tot die vlak van 6,5m ton voltooi is, sou mens dus kan verwag dat pryse in 'n normale reënvaljaar laer sal neig.

Aannames ten opsigte van internasionale mielieprys, tariewe en die wisselkoers, is bepalend vir invoerpariteit. Deur elk van hierdie veranderlikes afsonderlik tussen bo- en ondergrense te wissel (ander faktore konstant), is 'n spreiding van sowat R80 per ton op die invoerpariteitsprys bespeur. Grense en gemiddelde waardes is as volg geneem: Internasionale prys ($100; $110; $120), R/$-wisselkoers (3,5; 3,6; 4) en tarief (0%; 10%; 15%).

Wat die verskil tussen wit- en geelmielie-produsentepryse betref, sal die relatiewe beskikbaarheid van wit- en geelmielies, benewens invoerpariteit, 'n bepalende faktor wees. Daar behoort versigtigheid aan die dag gelê te word om, byvoorbeeld, in reaksie op hoë witmielieprys, die daarop volgende jaar oor te skakel na witmielieproduksie toe. Indien ander produsente dieselfde doen (produsente grond dikwels besluite op die vorige jaar se pryse), behoort witmielieprys relatief tot geelmielieprys te daal.

## 5. Koring

In teenstelling met mielies, waar daar 'n redelike mate van sekerheid oor die tariferingsproses is, kan dieselfde nie van koring gesê word nie. Dit het meegebring dat meer aannames gemaak moes word ten einde riglyne met betrekking tot koring deur te gee. Dit is noodsaaklik dat kennis gedra word van die huidige voorstelle vir die tarifering van koring soos uiteengesit in Potgieter & Van der Vyver (1995).

### 5.1 Toekomstige verspreidingspatrone

Huidiglik word 350 000 ton koring vanuit ander streke in die Vrystaat bemark (sien Potgieter & Van der Vyver (1995a) vir 'n uiteensetting van geskiedkundige verspreidingspatrone van koring). In 'n toekomstige vryer marksituasie word nie verwag dat Suid-Afrikaanse koring normaalweg van ander streke na die Vrystaat ingevoer sal word nie. Ongeveer 46% van die normale Vrystaatse oes van 933 000 ton, sal na verwagting plaaslik binne die provinsie opgeneem word. Dit bring mee dat die Vrystaat, in 'n sogenaamde normale jaar, 'n surplus van ongeveer 508 000 ton kan realiseer. Die mees aangewese gebied om hierdie koring te bemark is die PWV-gebied, wat jaarliks met 'n tekort van ongeveer 951 000 ton koring sit. Dit is ook 'n belangrike teikenmark vir ander surplus-produserende gebiede. Die streke Noord-Transvaal, Oos-Transvaal en Noordwes is al drie nader aan die PWV-gebied geleë. Die tekort in die PWV-gebied oorskry egter die gesamentlike produksie van hierdie streke met 738 000 ton[3]. Vrystaatse surplusproduksie kan dus alles in die PWV-gebied bemark word.

### 5.2 Moontlike prysscenario's vir ingevoerde en plaaslike koring in sekere teikenmarkte

Afgesien van effektiewe produksiekoste, wat nie deel van hierdie studie vorm nie, is vervoerkoste die belangrikste bepalende aspek vir relatiewe streeksmededingendheid. Hiermee saam moet in berekening gebring word dat streeksmededinging gemeet moet word teen internasionale mededinging. Die gelande prys van ingevoerde koring in die PWV-gebied, sal die plafonprys wees waarteen plaaslike koring moet meeding.

Tabel 4 bevat 'n uiteensetting van die gelande koste van ingevoerde koring in geselekteerde teikenmarkte onder verskillende aannames. Afhangende van watter veranderlikes saamgegroepeer word, kan die invoerpariteitsprys in Henneman en Randfontein onderskeidelik wissel tussen 'n minimum en maksimum van R640 tot R1104 en R651 tot R1115 per ton Argentynse Trigo Pan koring. Vir doeleindes van hierdie referaat is die volgende waardes as die mees toepaslikste aanvaar: Internasionale koringprys $115, wisselkoers $1=R3,50 en tarief 58%. Die invoerpariteitsprys beloop dan onderskeidelik R853 en R864 in Henneman en Randfontein.

Indien bemarkingskoste onder die huidige sisteem (R104/ton) sowel, as vervoerkoste van R45/ton na die PWV-gebied, verreken word, beloop die geweegde gemiddelde Vrystaatse produsenteprys R730 per ton (R749*46% + R714*54%). Dit vergelyk goed met die netto leweringsprys vir 1994/95 van R733,26. Ten opsigte van Vrystaatse teikenmarkte, bied ingevoerde koring dus onder die geïdentifiseerde scenario's nie 'n wesentlik bedreiging nie.

Hoewel Suid-Afrika slegs drie keer in die laaste tien jaar en laas in 1988/89 koring uitgevoer het, hou die moontlikheid van uitvoere belangrike prysimplikasies in:

- Indien daar 'n gelykmatige styging in koringproduksie plaasvind in die streke wat die PWV-gebied normaalweg van koring voorsien, kan die Vrystaat 'n addisionele 154 000 ton koring in die PWV-gebied bemark voordat die gebied se behoeftes gevul is.

  Vrystaatse koringproduksie van meer as 1 087 000 ton sal elders bemark moet word. Die vraag is nie

**Tabel 4: Prysscenario's vir koring geland in geselekteerde teikenmarkte**

| **Besonderhede** | **Data** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vab Argentinië $ | 105 | | | | | | | | | 115 | | | | | | | | | 125 | | | | | | | | |
| **Wisselkoers** | 3.5 | | | 3.75 | | | 4 | | | 3.5 | | | 3.75 | | | 4 | | | 3.5 | | | 3.75 | | | 4 | | |
| Skeepsvrag ($) | 23.69 | | | 23.69 | | | 23.69 | | | 23.69 | | | 23.69 | | | 23.69 | | | 23.69 | | | 23.69 | | | 23.69 | | |
| Koste aan wal (R) | 450.42 | | | 482.59 | | | 514.76 | | | 485.42 | | | 520.09 | | | 554.76 | | | 520.42 | | | 557.59 | | | 594.76 | | |
| Hawekoste | 48.43 | | | 48.43 | | | 48.43 | | | 48.43 | | | 48.43 | | | 48.43 | | | 48.43 | | | 48.43 | | | 48.43 | | |
| Vry op spoor, Durban (R) | 498.85 | | | 531.02 | | | 563.19 | | | 533.85 | | | 568.52 | | | 603.19 | | | 568.85 | | | 606.02 | | | 643.19 | | |
| **Tarief %** | **15** | **58** | **75** | **15** | **58** | **75** | **15** | **58** | **75** | **15** | **58** | **75** | **15** | **58** | **75** | **15** | **58** | **75** | **15** | **58** | **75** | **15** | **58** | **75** | **15** | **58** | **75** |
| Ex meule | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Hennenman-652km | 640 | 798 | 860 | 676 | 845 | 912 | 712 | 893 | 964 | 680 | 853 | 922 | 719 | 905 | 978 | 758 | 956 | 1034 | 720 | 909 | 983 | 762 | 964 | 1044 | 804 | 1019 | 1104 |
| Dbn-meule-10km | 571 | 729 | 791 | 607 | 776 | 843 | 643 | 823 | 895 | 611 | 784 | 852 | 650 | 835 | 909 | 689 | 887 | 965 | 651 | 839 | 914 | 693 | 894 | 974 | 735 | 950 | 1035 |
| Randfontein-757km | 651 | 809 | 871 | 687 | 856 | 923 | 723 | 903 | 975 | 691 | 864 | 932 | 730 | 915 | 989 | 769 | 967 | 1045 | 731 | 919 | 994 | 773 | 975 | 1054 | 815 | 1030 | 1115 |

**Bron:** Lanvokon (1995), Direktoraat Bemarking (1995) en Koringraad (1995)

soseer waar nie maar teen watter prys? Kwazulu-Natal het 'n totale verwagte verbruik van 346 000 ton, waarvan 30 000 ton plaaslik uit die provinsie voorsien word. Die invoerpariteitsprys is R784 per ton. Dit bring 'n produsenteprys van R594 per ton mee (indien vervoerkoste van R86 en bemarkingskoste in ag geneem word).

## 6. Gevolgtrekking

Toekomstige produsentepryse sal in 'n steeds groter mate deur internasionale toestande beïnvloed word. Wêreldpryse, wisselkoerse en invoertariewe sal, saam met binnelandse marktoestande, bepalend wees vir plaaslike pryse. In tekortjare sal invoerpariteit in 'n groter mate as verwysingsprys vir prysvorming dien, teenoor uitvoerpariteit in uitvoerjare.

Die Vrystaat is sentraal tot die vernaamste markte van Gauteng, Kwazulu-Natal en die Oos- en Wes-Kaap geleë. Binnelandse vervoerkoste bied 'n mate van verskansing teen die binnedring van binnelandse markte deur ingevoerde produkte, veral in die geval van graan. Markte nader aan invoerhawens behoort laer pryse as markte dieper in die binneland op te lewer.

Die invloed van tarifering moet in die lig van die voordele wat ander dereguleringsaksies inhou, beskou word. In die referaat is enkele voordele van deregulering met betrekking tot rooivleis uitgewys, maar dieselfde beginsel geld vir ander produkte.

Die referaat wys duidelik uit dat plaaslike pryse sensitief is vir tariefvlakke. Dit dui daarop dat produsente tariewe noukeurig sal moet dophou en voorsiening vir moontlike afwaartse aanpassing moet maak. Dit is egter nie net tariefvlakke wat van belang is nie, maar beslis ook die tariferingsproses, onderhandeling en bedinging tussen plaaslike belangegroepe en aanpassing van tariefvlakke in reaksie op veranderde marktoestande.

Daar is aangetoon dat Vrystaatse mielieproduksie na verwagting verder afgeskaal sal word, terwyl oppervlaktes onder aangeplante weidings, sonneblom, koring, grondbone, droëbone en sojabone sal toeneem.

Vryer markte behoort te lei tot meer dinamiese en minder deursigtige markomstandighede. In die toekoms sal voor/nadele ten opsigte van ligging, kwaliteit en individuele besigheidsbevoegdheid, tot 'n groter mate in produsentepryse gereflekteer word. Pryse sal nie net tussen jare wissel nie, maar ook van week tot week namate nuwe markinligting aan die lig kom. Dit beteken dat inligting- en bemarkingsbestuur toenemend belangrik word. Monitering van buitelandse marktoestande, identifisering van teikenmarkte, kontraksluiting, kennis oor prysverwagtinge en gelykbreekpryse, insig in en deelname aan onderhandelingsprosesse tussen plaaslike belangegroepe, is enkele aspekte waarmee produsente, raadgewers en bemarkingsinstellings meer te doen sal kry - herstrukturering in die ware sin van die woord!

**Notas:**

1. Die referaat bevat kerngedeeltes van navorsing wat deur Potgieter en Van der Vyver (1995a) gedoen is. 'n Meer uitgebreide bespreking sowel as stawende syfers, kan in Potgieter en Van der Vyver (1995a en 1995b), gevind word.

2. Ander belangrike surplus produserende streke is Noordwes (0.6 mt G; 1.6 mt W), Oos-Transvaal (1 mt G; 0.2 mt W).

**Verwysings**

BLIGNAUT, C. (1995). Mededeling tydens besprekingstyd. Nasionale konferensie, Boerdery-bestuursvereniging van Suider-Afrika, Bloemfontein.

DE JAGER, F. (1995). Persoonlike mededeling deur bedryfsbestuurder van die RPO, Pretoria.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU. (1995). Ongepubliseerde inligting.

DIREKTORAAT BEMARKING. (1995). Ongepubliseerde inligting. Direktoraat Bemarking, Departement van Landbou.

ELLIOT, M.B. (1995). Implications of marketing reform in the maize industry. Referaat by LANVOKON '95, WNNR, Pretoria, 23-24 Februarie 1995.

FOURIE, J.H. (1995). Persoonlike mededeling Sentraalwes Koöperasie, Klerksdorp.

JANOVSKY, E. (1995). Persoonlike mededeling. Vleisraad, Pretoria.

KORINGRAAD. (1995). Ongepubliseerde inligting.

LANVOKON. (1995). Lanvokon 1995 Kommoditeitsbundel, Pretoria.

LUBBE, A. & KEYSER, H.K. (1995). Persoonlike mededeling en ongepubliseerde inligting. Sentraalwes Koöperasie, Klerksdorp.

MELKRAAD. (1995). Ongepubliseerde inligting.

PIETERSE, LOUIS. (1995). Persoonlike mededeling. Vrystaat Koöperasie, Reitz.

POTGIETER, P.J. & VAN DER VYVER, A. (1995a). Die implikasies van tarifering vir die Vrystaatse Landbou. Ongepubliseerde verslag, Departement Landbou-ekonomie, Universiteit van die OVS, Bloemfontein.

POTGIETER, P.J & VAN DER VYVER, A. (1995b). Die invloed van tarifering op Vrystaatse rooivleisprodusente. Referaat, nasionale konferensie, Boerdery-bestuursvereniging van Suider-Afrika, Bloemfontein.

ROUX, E. (1995). Persoonlike mededeling S.A. Suiwelstigting, Centurion.

SENTRAALWESTER. (1994). Diversifikasie moontlikhede in Sentraalwes se bedieningsgebied. Bestuursgroep : Landbou-ontwikkeling, Sentraalwes Koöperasie, Klerksdorp.

SWART, K.A. (1994). Tarification of agricultural commodities in South Africa. M.Com.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

VAN DER MERWE, KOBUS. (1995). Persoonlike mededeling. Sentraal-Oos Koöperasie, Bethlehem.

VAN ZYL, J. (1995). The effect of environmental factors on the provision of proteins for animal consumption. Referaat, LANVOKON '95, WNNR, Pretoria.

WILLEMSE, B.J. (1994). Economic implications of an alternative marketing system for yellow maize on the South African animal feed industry. Ph.D. proefskrif, Universiteit van Pretoria.

WILLEMSE, B.J. (1995). Uitdagings vir landboubemarking. Referaat, nasionale konferensie, Boerderybestuursvereniging van Suider-Afrika, Bloemfontein.

**Summary**

The purpose of this paper is to investigate implications of tarification for Free State red meat, dairy, maize and wheat producers. These commodities were responsible for 75% of Free State agricultural gross income during 1993. The process of tarification must be viewed against a background of far reaching deregulation that took place in South African agriculture. It means more than simple replacement of quantitative import controls with tariffs, but also brings about changes in the marketing systems of commodities.

*Red meat*

Meat imports increased during 1994 and the share of imports from BLSN countries declined relative to imports from overseas. However, based on imports during previous shortage periods, the quantity and composition of beef imports did not change significantly from times when quantitative control measures prevailed. Sheep imports, on the other hand, increased in absolute terms and the proportion of imports from BLSN declined markedly relative to overseas imports. Based on Meat Board calculations, losses as a result of imports relates to one percent of industry gross earnings in case of beef and pigs,compared to three percent in the case of sheep. These losses must be seen in relation with benefits resulting from the wider process of deregulation. Experience with tariffs in the meat industry indicates that not only are actual tariffs important, but also the tariff system and interaction between domestic interest groups.

*Dairy*

Given the current structure of tariffs in the dairy industry and international prices, it seems that domestic producers are well or even over protected from international competition. South Africa is the third cheapest dairy producer internationally. Milk powder, the dairy product most subject to influences from dairy imports, comprises 13,5 percent of the domestic dairy market. Although South African dairy farmers appears to be in a strong international position and tariffs are currently within bound rates of GATT, it is always possible that tariffs may be revised and scaled down in future.

*Maize*

It is expected that domestic maize production will be scaled down in future to meet domestic consumption. The Free State is an important surplus maize producing area and strong indications are that provincial areas under maize will be reduced, while cultivated pastures, sunflower, wheat, dry beans, ground nuts and soy beans will increase. Parity prices indicate that realisations of Free State maize from different geographical markets vary significantly, with highest realisations from maize marketed in Gauteng and in the Free State itself. It is argued that approximately 40 percent of provincial maize production will have to be marketed elsewhere (mainly in Kwazulu Natal and Eastern and Western Cape). Based on parity prices, Free State producer prices will be R480 to R500 per tonne in a year when domestic maize production approaches domestic supply. Higher production will result in lower prices and lower production in higher prices. Assumptions with regard to international prices, tariffs and R/$ exchange rate have an important influence on results.

*Wheat*

The Free State is an important surplus wheat producing area. In future it is expected that 46 percent of a normal Free State wheat crop will be consumed inside the province, while the surplus will be sold in Gauteng and surrounding areas. Should production increase evenly in areas supplying Gauteng with wheat, an additional 154 000 tonnes of wheat from the Free State may be sold in Gauteng before its consumption needs are satisfied. Based on parity prices, average producer prices of R730 per tonne (which compares well with the current price) may result from tarification.